# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

THURSDAY, 29 MAY 2025

1. The House met at 14:15.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:15] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:16] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman): That, notwithstanding the provisions of Rule 18, the hours of sitting on Tuesday, 3 June 2025, and Wednesday, 11 June 2025, shall be: 10:00 to adjournment.

   Agreed to.

5. [14:17] Interpellations.

6. [15:20] Questions.

7. [16:22] Questions to the Premier without notice.

8. [16:44] Statements by Members.

9. [17:11] Response to statements by Members by Mr J J Londt, Minister of Social Development, Mr D J Maynier, Minister of Education, and Mr A R Winde, Premier.

10. [17:19] Motions with notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all notices of motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

11. [17:20] Motions without notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

12. Mr L D van Wyk moved without notice: That the House congratulates Christopher Collier-Reed and Adam Gibbon, two learners at the Pinelands High School, on winning a gold medal at the prestigious Beijing Youth Science Creation Competition for their innovative project titled “Flies to the rescue: Innovating food waste management using black soldier fly larvae”; further notes their inspiring message to fellow young scientists to persevere in the face of

failure and to keep striving for success; and commends them for their excellence in science and for proudly representing the Western Cape on an international stage.

Agreed to.

13. Mr L D van Wyk moved without notice: That the House congratulates the outstanding achievements of Western Cape athletes at the 2025 National School Sports Championships Autumn Games held in Bloemfontein; notes the exceptional performances of Aidan Erasmus, from Curro Mossel Bay, who won gold in both shot put and discus throw and broke the national records in both events, as well as being crowned LSEN Field Victor Ludorum; further notes the impressive accomplishments of Faith Jacobs, from Florida School of Skills, who claimed gold in the 100 m and 200 m sprints, who contributed to the record-breaking 4x100 m relay team, and who was named the top LSEN track athlete; and commends all Western Cape learners who competed for their dedication, talent and for making the province proud.

Agreed to.

14. Mr M Booysen moved without notice: That the House recognises the vital role that nurses play in shaping the success of healthcare systems; extends our heartfelt gratitude to every nurse for their unwavering commitment to building our healthcare system, in the light of the recent commemoration of World Nurses Day; and acknowledges their dedication by showing up every day despite the many social challenges in our communities and the often-difficult working conditions they face.

Agreed to.

15. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Tatum Hector of the De Kuilen High School on her selection to the Junior City Council 2025; and acknowledges and commends the dedication of young leaders, such as Tatum, who initiate impactful community projects that promote change and uphold dignity in their immediate surroundings.

Agreed to.

16. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Huis Soeterus on its 75th anniversary; recognises the invaluable service that it has rendered to its residents over the years; and acknowledges the vital role that care homes, such as Huis Soeterus, play in supporting and strengthening communities.

Agreed to.

17. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates participants, organisers and volunteers of the Harbour2Harbour Open Water Swim event held at False Bay; notes the dedication, sportsmanship and community spirit displayed during the event; and commends the initiative for promoting physical fitness, environmental awareness and tourism in the region.

Agreed to.

18. Mr N P Masipa moved without notice: That the House notes with deep appreciation the extraordinary work of Caroline Peters, a nationally recognised African feminist and human rights defender, who has dedicated over two decades of her life to the fight against gender-based violence (GBV) in the Cape Flats and beyond; further notes that Caroline began her community activism at the founding of the Saartjie Baartman Centre for Women and

Children in Manenberg in 1999, and has since played a pivotal role in various organisations, including Ilitha Labantu and the 1 000 Women Trust, tirelessly advocating for women and children's rights in some of South Africa's most marginalised communities; acknowledges her instrumental contributions to national GBV policy through submissions to Parliament and her efforts in training magistrates, clinic staff and community leaders on survivor-centred, trauma-informed approaches to sexual violence; recognises that Caroline, as the founder and Executive Director of the Callas Foundation, Coordinator of the Cape Flats Women's Movement, and Provincial Coordinator of the South African Women in Dialogue, continues to lead from the front by providing court support to survivors of GBV, by facilitating legal empowerment through the Women's Legal Centre by and partnering with international agencies, such as the UNODC, on restorative justice interventions; celebrates her trailblazing efforts to reclaim public and sporting spaces for women, notably by founding the first female-led running club in Cape Town in 2014, and empowering women through physical activity, solidarity and hope; applauds Caroline's courage in turning her own experience of trauma into a powerful instrument of advocacy, prevention and healing for women and girls across the Cape Flats; further welcomes the launch a campaign against GBV in the Cape Flats by Minister Londt to support the efforts of civil society; and congratulates Caroline Peters on her continued leadership, her steadfast commitment to human rights and her unwavering pursuit of dignity, justice and equality for all women and children in South Africa.

Agreed to.

19. Mr P Johnson moved without notice: That the House commends the work of the Prince Albert Municipality for the good progress in the upgrading of the stormwater channel that runs through the village of Klaarstroom; notes that the channel had become blocked and, due to erosion, posed a risk to the residents for this reason; notes that the municipality prioritised redirecting the stormwater channel away from the structures to reduce the risk of flooding, especially during winter months; and congratulates two of the local ward committee members, Ms Rose Fister and Ms Carina Botes, who represent Klaarstroom on the ward 2 committee who raised this problem regularly during committee meetings.

Agreed to.

20. Mr M K Sayed moved without notice: That the House congratulates President Cyril Ramaphosa on his state visit to the United States of America to reset trade relations with the US; notes that the US is one of our biggest trading partners; and notes, as we look to stimulate economic growth, it is important to strengthen that relationship.

Agreed to.

21. Ms R Windvogel moved without notice: That the House congratulates the players of the under 20 team for winning the AFCON, particularly the Western Cape players; and notes that the Western Cape has a long history of producing players who perform well on the world's biggest stages and in leagues.

Agreed to.

22. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of Lungi Mnganga-Gcabashe; and sends heartfelt condolences to the family, friends and comrades of Lungi Mnganga-Gcabashe.

Agreed to.

23. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of Titi Gomba; and sends heartfelt condolences to the family, friends and comrades of Titi Gomba.

Agreed to.

24. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes the sentencing of Kelly Smith, Joshlin Smith’s mother, Jacquen Appollis and Steveno van Rhyn; notes that the three have been handed life sentences for the disappearance of the child; welcomes the imposition of the maximum penalty against the convicted; notes that the trauma inflicted on the family and broader community by this heinous crime is far too great; urges the Provincial Parliament to strengthen laws and community partnerships aimed at preventing child trafficking and abuse; and calls for continued support to victims and swift justice in similar cases.

Agreed to.

25. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with deep concern and sadness the attack on a Gift of the Givers vehicle in Knysna while the organisation was assisting the Concordia community with water during a severe water crisis; apologises unreservedly to Gift of the Givers and the people of the Western Cape for this deplorable act; condemns any form of violence against humanitarian workers; and encourages Gift of the Givers to continue their critical and compassionate work across the Western Cape, South Africa and beyond.

Agreed to.

26. The House adjourned at 17:45.

Digitally signed by
Lubabalo Stemele
Date: 2025.06.06
15:15:42 +02'00'

Mr Lubabalo Stemele
Acting Secretary to the Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

DONDERDAG, 29 MEI 2025

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Adjunkspeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:15] Die Adjunkspeaker doen 'n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:16] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman): Dat, ondanks die bepalings van Reël 18, die ure van sitting op Dinsdag, 3 Junie 2025, en Woensdag, 11 Junie 2025, sal wees: 10:00 tot verdaging.

   Goedgekeur.

5. [14:17] Interpellasies.

6. [15:20] Vrae.

7. [16:22] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

8. [16:44] Verklarings deur Lede.

9. [17:11] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, mnr D J Maynier, Minister van Onderwys, en mnr A R Winde, Premier.

10. [17:19] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151)*.

    Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:20] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150)*.

12. Mnr L D van Wyk stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Christopher Collier-Reed en Adam Gibbon, twee leerders aan die Hoërskool Pinelands, gelukwens met die goue medalje wat hulle by die Beijing-jeugwetenskapskepping-kompetisie vir hul innoverende projek getiteld "Vlieë tot die redding: Innoverende voedselafvalbestuur deur swartsoldaat-

vlieglarwes te gebruik" ("Flies to the rescue: Innovating food waste management using black soldier fly larvae") gewen het; verder kennis neem van hul inspirerende boodskap aan jong medewetenskaplikes om in die aangesig van mislukking te volhard en om steeds na sukses te streef; en hulle vir hul uitnemendheid in wetenskap loof en omdat hulle die Wes-Kaap met trots op ’n internasionale verhoog verteenwoordig het.

Goedgekeur.

13. Mnr L D van Wyk stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Wes-Kaapse atlete gelukwens met hul uitmuntende prestasies by die Herfsspele van die Nasionale Skolesportkampioenskap 2025 wat in Bloemfontein gehou is; kennis neem dat die uitsonderlike prestasies van Aidan Erasmus van Curro Mosselbaai, wat goue medaljes in beide gewigstoot en diskusgooi gewen het en die nasionale rekords in beide items gebreek het, en ook as LSEN Field Victor Ludorum gekroon is; verder kennis neem van die indrukwekkende prestasies van Faith Jacobs van die Florida-vaardigheidskool wat goud in die 100 m- en 200 m- naelloop gewen het, wat tot die rekordbrekende 4x100 m-aflosspan bygedra het, en wat as die top-LSEN-baanatleet aangewys is; en alle Wes-Kaapse leerders wat meegeding het, loof vir hul toewyding, talent en omdat hulle die provinsie trots gemaak het.

Goedgekeur.

14. Mnr M Booysen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan die noodsaaklike rol wat verpleegkundiges speel in die vorming van die sukses van gesondheidsorgstelsels; ons innige waardering uitspreek teenoor elke verpleegkundige vir hul onwrikbare toewyding om ons gesondheidsorgstelsel op te bou in die lig van die onlangse herdenking van Wêreldverpleegkundigedag; en erkenning gee aan hul toewyding deur elke dag op te daag ten spyte van die vele maatskaplike uitdagings in ons gemeenskappe en die dikwels moeilike werksomstandighede wat hulle in die gesig staar.

Goedgekeur.

15. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Tatum Hector van die Hoërskool De Kuilen gelukwens met haar verkiesing tot die Junior Stadsraad 2025; en erkenning gee en die toewyding van jong leiers soos Tatum loof wat invloedryke gemeenskapsprojekte begin wat verandering bevorder en waardigheid handhaaf in hul onmiddellike omgewings.

Goedgekeur.

16. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Huis Soetrus met sy 75ste herdenking gelukwens; erkenning gee aan die onskatbare diens wat hy oor die jare aan sy inwoners gelewer het; en erkenning gee aan die noodsaaklike rol wat versorgingstehuise soos Huis Soetrus speel om gemeenskappe te steun en versterk.

Goedgekeur.

17. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis deelnemers, organiseerders en vrywilligers van die Harbour2Harbour-oopwaterswemgeleentheid wat by Valsbaai gehou is, gelukwens; kennis neem van die toewyding, sportmanskap en gemeenskapsgees wat gedurende die geleentheid ten toon gestel is; en die inisiatief aanprys vir die bevordering van fisieke fiksheid, omgewingsbewustheid en toerisme in die streek.

Goedgekeur.

18. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Die Huis met diep waardering kennis neem van die buitengewone werk van Caroline Peters, ’n nasionaal erkende Afrika-feminis en verdediger van menseregte, wat meer as twee dekades van haar lewe aan die stryd teen geslagsgebaseerde geweld (GGG) op die Kaapse Vlakte en wyer gewy het; verder kennis neem dat Caroline haar gemeenskapsaktivisme in 1999 met die stigting van die Saartjie Baartman-sentrum vir Vroue en Kinders in Manenberg begin het, en sedertdien ’n belangrike rol in verskeie organisasies gespeel het, insluitende Ilitha Labantu en die 1 000-vroue-trust, en onvermoeid voorspraak doen vir die regte van vroue en kinders in sommige van Suid-Afrika se mees gemarginaliseerde gemeenskappe; erkenning gee aan haar instrumentele bydraes tot nasionale GGG-beleid deur voorleggings aan die Parlement te maak en haar pogings om landdroste, kliniekpersoneel en gemeenskapsleiers in slagoffergesentreerde, traumagebaseerde benaderings tot seksuele geweld op te lei; erkenning gee dat Caroline, as die stigter en Uitvoerende Direkteur van die Callas-stigting, Koördineerder van die Kaapse Vlakte-vrouebeweging, en Provinsiale Koördineerder van die Suid-Afrikaanse Vroue in Dialoog, steeds voortgaan om van voor te lei deur hofsteun aan slagoffers van GGG te bied deur regsbemagtiging deur middel van die Vroueregsentrum te fasiliteer en deur met internasionale agentskappe soos die UNODC saam te werk vir ingrypings vir herstellende geregtigheid; haar baanbrekende pogings vier om openbare en sportruimte vir vroue terug te eis, veral deur die stigting van die eerste vrouegeleide drafklub in 2014 in Kaapstad, en om vroue deur fisieke aktiwiteit, solidariteit en hoop te bemagtig; Caroline se moed loof om haar eie van trauma-ervaring in ’n kragtige instrument vir voorspraak, voorkoming en genesing vir vroue en meisies op die Kaapse Vlakte te omskep; verder die bekendstelling van ’n veldtog teen GGG op die Kaapse Vlakte deur Minister Londt verwelkom om die pogings van die burgerlike samelewing te ondersteun; en Caroline Peters gelukwens met haar voortgesette leierskap, haar vasberade verbintenis tot menseregte en haar onwrikbare strewe na waardigheid, geregtigheid en gelykheid vir alle vroue en kinders in Suid-Afrika.

Goedgekeur.

19. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die werk van die Prins Albert-munisipaliteit aanprys vir die goeie vordering wat gemaak is met die opgradering van die stormwaterkanaal wat deur die dorpie Klaarstroom loop; kennis neem dat die kanaal geblokkeer was en, weens erosie, om hierdie rede ’n risiko vir die inwoners ingehou het; kennis neem dat die munisipaliteit dit geprioritiseer het om die stormwaterkanaal weg van die strukture te herlei om die risiko vir oorstroming, veral in die wintermaande, te verminder; en twee van die plaaslike wykskomiteelede, me Rose Fister en me Carina Botes, gelukwens wat Klaarstroom in die wyk 2-komitee verteenwoordig wat hierdie probleem gereeld by komiteevergaderings geopper het.

Goedgekeur.

20. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis President Cyril Ramaphosa gelukwens met sy staatsbesoek aan die Verenigde State van Amerika om handelsbetrekkinge met die VSA te herstel; kennis neem dat die VSA een van ons grootste handelsvennote is; en kennis neem dat, terwyl ons mik om ekonomiese groei te stimuleer, dit belangrik is om daardie verhouding te versterk.

Goedgekeur.

21. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die spelers van die onder 20-span, veral die Wes-Kaapse spelers, gelukwens nadat hulle die AFCON gewen het; en kennis neem dat die Wes-Kaap ’n lang geskiedenis het waartydens spelers opgelewer is wat goed op die wêreld se grootste verhoë en in ligas presteer.

    Goedgekeur.

22. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van Lungi Mnganga-Gcabashe; en sy innige meegevoel met Lungi Mnganga-Gcabashe se familie, vriende en kamerade betuig.

    Goedgekeur.

23. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van Titi Gomba; en sy innige meegevoel met Titi Gomba se familie, vriende en kamerade betuig.

    Goedgekeur.

24. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die vonnisoplegging van Kelly Smith, Joshlin Smith se ma, Jacquen Appollis en Steveno van Rhyn; kennis neem dat die drie lewenslange tronkstraf vir die kind se verdwyning gekry het; die oplegging van die maksimum straf vir die skuldiges verwelkom; kennis neem dat die trauma wat hierdie verskriklike misdaad vir die familie en groter gemeenskap veroorsaak het, gans te veel is; aandring dat die Provinsiale Parlement wette en gemeenskapsvennootskappe verbeter wat daarop gemik is om handel in en mishandeling van kinders te voorkom; en ’n beroep doen om voortgesette ondersteuning aan slagoffers en vinnig geregtigheid in soortgelyke sake.

    Goedgekeur.

25. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer en hartseer kennis neem van die aanval op ’n Gift of the Givers-voertuig in Knysna toe die organisasie die Concordia-gemeenskap tydens ’n ernstige waterkrisis met water gehelp het; Gift of the Givers en die mense van die Wes-Kaap sonder voorbehoud om verskoning vra vir hierdie betreurenswaardige voorval; enige soort geweld teen humanitêre werkers veroordeel; en Gift of the Givers aanmoedig om hul kritieke en deernisvolle werk in die Wes-Kaap, Suid-Afrika en daarbuite voort te sit.

    Goedgekeur.

26. Die Huis verdaag om 17:45.

Mnr Lubabalo Stemele
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement